# *my taal*

*Spikkelson teen gewelmure,*
*amber deur die groen prieël.*
*Kroonlys waar 'n engelskare*
*roerloos fuif en heildronk drink.*
*Ruitkombers waar wingerdlande*
*lepellê teen die berge*
*en die ringmuur wat loop al langs die akkerlaning*
*sy wit arms vou om alles hier.*

*'n Somer sluimer stil*
*in donker eik waar jaar ná jaar*
*die tyd my mos kom roer*
*en sag die son laat sypel deur die wyn -*
*my druiwebloed,*
*Ambrosia, my soet*
*vertroosting teen die wind,*
*dis net hier waar ek dit vind:*
*'n ewigheid wat stil in my kom lê*

*Want die wingerd hier praat Afrikaans*
*En die berge fluister saam*
*Die taal van my hart is wondersoet*
*Ja, dis wat die wyn beaam.*

*Coenie de Villiers*

Vol. VI